# DIE WEDERKOMS - 1

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.
**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie van die "Wegraping van die Bruid" en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

**Openbaring 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.**

**Open. 19:12 En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.**

**Open. 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.**

**Open. 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.**

**Open. 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.**

**Open. 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.**

**Open. 19:17 En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,**

**Open. 19:18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.**

**Open. 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.**

**Open. 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**

**Open. 19:21 En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

-o0o-

Ek wil praat oor die onderwerp rondom die wederkoms van Christus Jesus waarvan ons in die Bybel lees. Soos ek gesê het in die begin van hierdie leringe, baie mense raak deurmekaar met die wegraping en met die wederkoms. Ek dink in hierdie leringe wat ek nou vir julle gee en wat die Here aan my openbaar het, sal jy, as jy dit goed bestudeer het, 'n baie goeie begrip kry van wat regtig gaan plaasvind en ook wat binnekort gaan plaasvind.

-o0o-

## 1. DIE BRUID

Ons verstaan nou waarom daar 'n **Wegraping** moet wees, maar hoekom is daar 'n wederkoms? Die wederkoms lees ons van in Openbaring 19. Ons het ook gesien in Openbaring dat die Bruid haarself beklee het met rein fyn linne. Sy is weggeraap en sy is 'n geskenk van die Vader aan die Bruidegom.

**Openbaring 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.**

Die Woord praat nie hier van "die hemele" nie, maar van "die hemel". Onthou daar is 3 hemele. Die eerste hemel, die tweede hemel en die derde hemel.

- Die **eerste hemel** is ons fisiese realm of atmosfeer.
- Die **tweede hemel** is die geestelike realm waar satan en sy demone is. In kort gesê, is dit waar ons veronderstel is om te heers, maar waar ons uitgegooi is deur satan en waar Christus vir ons die plek kom herstel het.
- Die **derde hemel** is die hemel waarvan in Openbaring 19:11 gepraat word. Dit is die troonkamer van God. Dit is ook die hemel waarna Paulus weggetrek het, 'n plek wat so heilig was, dat hy self nie eers sy eie naam wou erken het om te sê "ek was daar" nie. Hy het gesê "ek ken 'n man". (2 Korinthiërs 12:2)

Hierdie saak het die Here aan my geopenbaar. Onthou nou waarom die Bruid weggeraap moet word. Die Bruid is die geskenk wat die Vader vir Christus Jesus, ons Here sal gee, soos ek in vorige leringe gesê het, omdat Hy gehoorsaam was tot die dood toe aan die Vader. (Filippense 2:8) Hy was bereid om Sy Godheid te verlaat, mens te word, vlees te word en in hierdie wêreld te kom, sodat hy die sondes van die wêreld op Hom geneem het. Hy het aan die kruis die prys betaal as Lam van God, wat die Vader geslag het vir die aarde, sodat Sy bloed die versoening kon bring. Die Bruid is die geskenk wat die Vader vir Hom sal gee.

## 2. BRUILOFSMAAL

Hoekom is die **Wegraping** daar?
Dit is alleenlik om die Bruilofsmaal, die eenwording tussen Bruid en Bruidegom te gee.

- Die Bruid sal haar loon ontvang, sy sal met prag en praal skitter en versier word deur die Vader.
- Die Vader sal hierdie pragtige Goddelik wese, want ons gaan 'n Goddelike wese wees, met Sy heerlikheid, Sy prag en praal en die volheid van Sy heerlikheid bekroon.
- Sy sal beter wees as wat 'n engel ooit was, is, sal wees of kan wees.
- Die Vader sal haar vir die Bruidegom gee en sal dan vir Hom sê "Bruidegom, daar is jou Bruid, daar is jou loon. Ek gee dit vir jou in die hemel".

**Open. 19:12 En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.**

Wanneer daardie eenwording plaasvind, sê die Bybel, sal Hy 'n nuwe naam kry. Dit is die naam wat al klaar geskrywe is, maar niemand het dit nog ooit genoem nie en niemand ken dit behalwe Hyself nie.

- ♦ Die Vader sal die eerste een wees wat daardie naam oor die eenheid, nie oor Christus of die Bruid nie, maar oor die eenheid, sal proklameer.

Soos ons byvoorbeeld hier op aarde du Plessis, Potgieter of van Rensburg egpare is, so sal die egpaar, die eenheid in Christus Jesus en die Bruid, deur die Vader benoem word met daardie naam *wat*

*niemand ken, behalwe Hy self.* Van daardie oomblik af sal die eenheid dan bekend staan as daardie naam.

**Open. 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.**
**Open. 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.**

Net 'n paar verse bokant in vers 8 sien ons ook:

**Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**

Hierdie *leërs in die hemel* is die Bruid van Christus wat dan saam met Hom sal afkom aarde toe.

## 3. OORDEEL

**Openbaring 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.**

Hier praat Hy van die oordeel (judgement) wat gaan kom.

**Openbaring 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.**
**Open. 19:17 En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,**
**Open. 19:18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.**
**Open. 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.**
**Open. 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**
**Open. 19:21 En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

In hierdie verse gaan dit basies oor die oordeel wat gaan kom.

- Hoekom moet hierdie oordeel kom?
- Waarom kom Christus terug met die leërs van die hemel, wat die vegter-bruid (warrior Bride) is?
- Wat moet die Bruid kom doen?

## 4. OUTORITEIT

**Psalm 8: 5 wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?**
**Psalm 8: 6 U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.**
**Psalm 8: 7 U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:**

Nou moet ons eers heeltemal teruggaan na die begin van die Skepping toe.

-o0o-

- God het vir Adam en Eva geskape om, soos Psalm 8 sê, te heers oor die werk van sy hande. Hy het vir hulle die plek in die **tweede** hemel beklee.
- Satan was afgegooi aarde toe en was aardgebonde.
- Die mens, Adam en Eva, het in die geestelike realm gefunksioneer, maar satan het gekom en hulle mislei en toe verruil hulle die plekke.
- Adam en Eva staan hulle outoriteit en gesag af aan satan.

Dit is waarom ek sê, satan funksioneer nou in die tweede hemel en die mens is afgegooi op die aarde. Die mens word nou onderdruk, beheer en hanteer deur satan.

Christus kom en Hy herstel die prentjie. Christus gee weer vir ons die plek terug maar, net in Christus Jesus. Dit is waarom Hy gesê het dat Hy die weg die waarheid en die lewe is. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. (Johannes 14:6)

- Jy het geen outoriteit en geen gesag as dit nie in Christus is nie.
- As jy in die verbond is, is dit net in die verbond (covenant).

## 5. PERSOONLIKE VERHOUDING

**Johannes 3: 16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

God het die hele wêreld lief gehad. Christus het nie net gekom vir 'n paar mense nie, Hy het gekom vir die ganse mensdom, vir elke mens wat ooit op aarde gelewe het. Dit is ons **keuse** of ons die prys wil betaal van selfverloëning, of nie:

- Om ons kruis op te neem en Hom te volg
- Die evangelie wat Hy kom stig het en herskep het op aarde te kom aanneem
- In 'n persoonlike verhouding deur Christus met die Vader deur die Heilige Gees met Hom te staan
- Gelei te word deur die Heilige Gees en dan in so 'n gesagsposisie te kan funksioneer om die koninkryk van God op aarde terug te vat wat Christus kom vestig het
- Dissipels van al die nasies te maak
- Die lig te wees wat skyn in hierdie vervloekte donker wêreld
- Om die beeld van die Vader uit te lewe vir die ganse mensdom, sodat ander ook die geleentheid kan kry wat jy gekry het.

Ek praat baie mense, maar julle moet gerus hierdie stukkies verder gaan ontleed.

### 3de TEMPEL

Nou sien ons dit in die profetiese rede. Bestudeer die hele profetiese rede omskryf in Lukas 21. Hier is slegs 'n kort verduideliking, vanaf vers 5.

**Lukas 21:5 En toe sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versierd was, sê Hy:**

Die dissipels keer terug vanaf die tempel en vertel hoe wonderlik die tempel is, hoe sommiges oor die tempel praat en dat dit met mooi klippe en toegewyde geskenke versier is, dan sê Hy:
**Lukas 21:6 Hierdie dinge wat julle sien – daar sal dae kom wanneer daar nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie.**

Ek het 7 of 8 leringe (teachings) rondom die val van die groot hoer uitgegee. (Verwys na die reeks Oordele 1-8) Nou kom die mense en hulle vertel vir Christus van die pragtige tempel wat hulle gebou het. Christus behandel hulle eintlik baie minagtend, so asof Hy vir hulle sê dat hulle nie 'n idee het waarvan

-o0o-

hulle praat nie. Hulle fokus so op die (fisiese) tempel wat gebou is, maar hulle besef nie dat hulle oor die geleentheid beskik om die derde (geestelike) tempel te word, waarin die Vader die volheid van Sy heerlikheid aan hulle sal openbaar en in hulle sal plaas nie.

- Hulle het die geleentheid om die derde tempel self te word, die geestelike tempel, waarin Hy, die Heilige Gees, vir ewig sal woon. Hulle het daardie gulde geleentheid, maar is so behep met die fisiese goed en begryp nie wat Hy vir hulle sê nie.

Kyk wat sê Hy: *Hierdie dinge wat julle sien – daar sal dae kom wanneer daar nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie.*

Wat Hy wel sê is, alles wat julle vir julleself gebou het, sal vernietig word. Die oordeel (judgment) sal kom, soos in van daardie Oordele leringe behandel is en binne een uur sal alles vernietig word en nie een klip sal op 'n ander gelaat word nie. God sal alles wat die mens gebou het en die hele Babiloniese sisteem binne 'n uur vernietig.

## 6. TEKENS

**Lukas 21:7 En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?**
**Luk 21:8 En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.**

Dan gee Jesus al die tekens soos oorloë wat sal volg, die nasies wat teen mekaar sal opstaan, die aardbewings en alles wat sal volg en wat nog sal kom. Julle kan self die hele gedeelte gaan lees. Dan sê Hy:

**Luk 21:27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.**

By die wederkoms sal elke oog Hom sien. Dit is waar die Bybel praat van dat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is.

Dit is nou maar net so dat leuens kan bestaan net tot sovêr as wat die waarheid op die toneel kom. Die oomblik dat die waarheid op die toneel kom, moet elke leuen homself onderwerp aan die waarheid. Duisternis kan net funksioneer in die afwesigheid van lig.

Ons is die lig van die wêreld. (Matt 5:14) Ons is die sout. (Matt 5:13) Wanneer ons weggeraap is, is ons weggevat en dan eers kan hierdie wêreld donker word. Dan eers kan die Antichris opstaan en kan al hierdie dinge wat ons lees van in die profetiese rede, funksioneer en gebeur.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees in hulle sê.

-o0o-

## SKRIFAANHALINGS IN HIERDIE LESING

**2 Korinthiërs 12:1** Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here.

2 Kor 12:2 Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

2 Kor 12:3 En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit—

2 Kor 12:4 dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie.

2 Kor 12:5 Oor so 'n man sal ek roem, maar oor myself sal ek nie roem nie, behalwe in my swakhede.

**Filippense 2:7** maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;

Fil 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

**1 Johannes 2:2** En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld

**Johannes 1:14** En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

**Johannes 14:6** Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

**Matthéüs 5:13** Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.

Mat 5:14 Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

### Jesus Foretells Destruction of the Temple

**Lukas 21:5** En toe sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versierd was, sê Hy:

Luk 21:6 Hierdie dinge wat julle sien daar sal dae kom wanneer daar nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie.

Luk 21:7 En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?

Luk 21:8 En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.

Luk 21:9 En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie.

#### Jesus Foretells Wars and Persecution

Luk 21:10 Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander.

Luk 21:11 En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.

Luk 21:12 Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam.

Luk 21:13 En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis.

-o0o-

Luk 21:14 Neem julle dan in jul harte voor om nie vooraf oor julle verdediging te dink nie.

Luk 21:15 Want Ek sal aan julle woorde en wysheid gee wat al julle teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie.

Luk 21:16 Maar julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende, en hulle sal van julle doodmaak.

Luk 21:17 En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam.

Luk 21:18 En geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie.

Luk 21:19 Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry.

**Jesus Foretells Destruction of Jerusalem**

Luk 21:20 En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is.

Luk 21:21 Dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie.

Luk 21:22 Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word.

Luk 21:23 Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal ‘n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk.

Luk 21:24 En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is.

**The Coming of the Son of Man**

Luk 21:25 En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,

Luk 21:26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

Luk 21:27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlikheid.

Luk 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.

-o0o-